

**8 September**

**Romeine 10:5-17; NGB 29**

***Die ware kerk***

Die stroomversnelling waarin ons leef het verskeie ankerpale van die verlede laat kantel. Die mens besef skielik opnuut die Skrifwaarheid dat jou heil nie lê in politieke strukture of ideologieë nie. Jou tjekboek, ras of volksverband hou geen sekuriteit in nie. So veroorsaak God dat baie mense weer erns met hul godsdiens maak. Gelowiges moet hul krag, toevlug, veiligheid en toekoms by God soek. Want die beproewings van die tyd is fel en straf. Dit laat die vraag: Watter kerk is die ware kerk? By watter kerk moet ek my voeg, want soveel kerke maak daarop aanspraak dat hulle die kerk van die Here is. Waar kan ek die onvervalste Woord van God hoor? Die eerste kenmerk is waar die Woord suiwer volgens die Skrif verkondig word. Die Heilige Gees gebruik die prediking om jou geloof te werk en te versterk. Toets dus of die prediking wat jy hoor God aan die Woord laat kom (1 Pet 4:11).

Waar God aan die Woord is, moet die sakramente ook gevier word - volgens sy voorskrifte. Want dit is sigbare tekens wat die Here in sy liefde gegee het om ons sigbare dinge vir ons af te beeld. Die kerk wat voorwaar aan God gehoorsaam wil wees sal ook die tug toepas volgens Christus se bevel (Matt 18:18). Want die Here tug dié wat Hy liefhet (Heb. 12:4-12).

Beantwoord die kerk waaraan jy behoort aan al hierdie dinge?

Hoe herken jy die lidmate van die ware kerk. Dit is mense wat Christus as hul enigste Saligmaker aanvaar, hul elke dag van die sonde bekeer en daarvan wegvlug om elke dag uit dankbaarheid liefde tot God en die naaste te bewys.

Is dit hoe jy lyk?

Sing: Psalm 93:1-4

Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)